



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 31 JULIE 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Booyesen, A M (VF ⁺)	Penxa, B J (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Pieters, C (ANC)
Gaika, M F (EFF)	Pypers, D C (DA)
Jooste, R J (DA)	Smit, N (DA)
Le Minnie I S (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF ⁺)
Ngozi, M (ANC)	Warnick, A K (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (DA)
Papier, J R (GOOD)	White, G E (PA)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Verkeers- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Pastoor Johnny Philander open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl D G Bess en rdh T van Essen.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 29 MEI 2025

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Mei 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 25 JUNIE 2025

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

Dat die notule van ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 25 Junie 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 MEI 2025**
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 14 MEI 2025

- 5.2 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 18 JUNIE 2025**
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 11 JUNIE 2025

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 19 MEI 2025**
6.2 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 29 MEI 2025
6.3 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 6 JUNIE 2025
6.4 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 13 JUNIE 2025
6.5 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 23 JUNIE 2025

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1/...

8.1 VOORLEGGING VAN DIE 2025/2026 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2025/2026 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2025/2026 finansiële jaar.

8.2. KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGSIMPLIKASIES: SLUITING VAN OOREENKOMS WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT / SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN ANDER: LEWERING VAN WATER KONSESSIE FUNKSIE (2/1/1/1/1, 16/1/1/B)

Die voorneme om 'n langtermyn kontrak vir die Lewering van 'n Water Konsessie Funksie met die Weskus Distriksmunisipaliteit aan te gaan, het op 31 Maart 2025 voor die Raad gedien.

Die Munisipale Bestuurder noem dat voormelde voortspruit uit 'n besluit van die Watermoniteringskomitee om ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiëlebestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) 'n Artikel 33-proses te deurloop. Die Watermoniteringskomitee is saamgestel uit die deelnemende munisipaliteite, nl. Swartland-, Bergrivier-, Saldanhabaai- en die Weskus Distriksmunisipaliteit.

Saldanhabaai Munisipaliteit het, teenstrydig met die besluit van die Watermoniteringskomitee, nog nie 'n Artikel 33-proses deurloop nie en het die Watermoniteringskomitee besluit om vir eersgenoemde die geleentheid te gee om hierdie proses af te handel. Derhalwe word aanbeveel dat Addendum Ses tot die bestaande ooreenkoms deur die onderskeie partye goedgekeur word.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die kommentaar wat vanaf die Nasionale Tesourie (NT) ontvang is, en wat in die ooreenkoms bygewerk is om aan die voorgestelde vereistes te voldoen. Die kommentaar vanaf NT is ook voorsien aan die onderskeie partye.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit en Bergrivier Munisipaliteit die Artikel 33-proses suksesvol voltooi het, maar dat Saldanhabaai Munisipaliteit nog nie met die proses 'n aanvang geneem het nie;
- (b) Dat weens voormelde vertraging van Saldanhabaai Munisipaliteit se kant die 9 jaar en 11 maande ooreenkoms nie nou gesluit kan word nie en dat daar vir die oorbruggingstydperk (om Saldanha geleentheid te bied) 'n Addendum SES tot die bestaande ooreenkoms gesluit word vir die termyn van 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026;
- (c) Dat in beginsel goedkeuring verleen word vir die 9 jaar en 11 maande ooreenkoms, onderhewig aan die suksesvolle Artikel-33 proses wat Saldanhabaai Munisipaliteit nog moet volvoer;
- (d) Dat die Raad kennis neem dat geen kommentaar of vertoë van die publiek en van die Provinsiale Tesourie oor die voorgestelde sluiting van die Waterkonsessie-kontrak ontvang is nie;

- (e) Dat kennis geneem word dat die kommentaar van die Nasionale Tesourie wat op 11 Junie 2025 ontvang is, wel in oorweging geneem is;

8.2/...

- (f) Dat die Raad, deur die ooreenkoms aan te gaan, 'n beduidende finansiële voordeel uit die kontrak sal verseker aangesien die gesamentlike bedryf en bestuur van die Swartland Grootmaat Watervoorsieningskema en die Weskus Grootmaat Watervoorsieningskema deur die Weskus Distriksmunisipaliteit die voordeel van skaal en die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe benutting van hulpbronne te weeg bring;
- (g) Dat goedkeuring verleen word vir die aangaan van die Waterkonsessiekontrak met die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die tydperk 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2036 soos per Aangangsel D tot die verslag;
- (h) Dat, indien enige semantiese wysigings aan die ooreenkoms of addendums aangebring word, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om daarmee te handel, aangesien die Artikel 33 proses suksesvol volvoer is ten aansien van voldoening en voorlegging aan die Raad;
- (i) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die kontrak namens die Munisipaliteit te onderteken.

8.3 VERSLAGDOENING T.O.V. ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE BELASTINGVRYSTELLINGS, -KORTING EN VERMINDERING EN "REVENUE FORGONE" VIR DIE 2024/2025 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingwet, Wet 6 van 2004 bepaal ingevolge Artikel 15(3) dat die Munisipale Bestuurder jaarliks verslag aan die Raad moet doen rakende alle belasting-vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025 is met die sakelys gesirkuleer.

Op navraag van rdl P E Soldaka of weldaad-/nie-regeringsorganisasies, met verwysing na Vroeë-kinderontwikkelingsfasiliteite, outomaties kwalifiseer vir die belastingvrystelling, bevestig die Direkteur: Finansiële Dienste, dat hierdie tipe organisasies amptelik vir belastingvrystelling aansoek moet doen.

BESLUIT

(op voorstel van rdl S Smit, gesekondeer deur rdh J H Cleophas)

Dat kennis geneem word van die vrystellings van munisipale eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag, kortings toegestaan en inkomste afgestaan (*revenue forgone*) soos gestaaf in die verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

8.4 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ONOPGEMAAKTE STRAAT AAN EIENAAR VAN AANGRESENDE ERF 1995, RIEBEEK-WES (12/2/5/2-12/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar van Erf 1995 in Langstraat, Riebeek-Wes om 'n gedeelte onopgemaakte straat aangrensend tot die betrokke erf te bekom.

Die straatgedeelte is geskep om toegang te verleen aan Erf 1995 en Erf 7, Riebeek-Wes. Die Weskaapse Regering is die eienaar van Erf 7 en het reeds toegang uit Langstraat en het verder aangedui dat hulle nie belangstel in die betrokke straatgedeelte nie.

Die voorstel is om die gedeelte onopgemaakte straat (groot ±2855 m²) uit-die-hand-uit te vervreem aan die eienaar van Erf 1995, Riebeek-Wes.

Besluit/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) besluit die Raad:
 - (i) Dat die onderwerp eiendom nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is;
- (b) Dat ingevolge die toepaslike verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur goedkeuring deur die Raad verleen word vir die uit-die-hand vervreemding van die onopgemaakte straat, ±2855 m² groot, geleë tussen Erf 7 en Erf 1995, Riebeek-Wes aan die eienaar van aangrensende Erf 1995 teen 'n verkoopprys van R62 525.00 (BTW uitgesluit), onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die proses vir die verkryging van die toepaslike grondgebruiks-/ontwikkelingsregte (insluitend hersonering en konsolidasie) deur en op koste van die koper onderneem sal word;
 - (ii) Dat die koper, benewens die koopprys, verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat verband hou met hierdie transaksie, insluitend advertensie- en oordragkoste;
 - (iii) Dat die voorgestelde transaksie geadverteer word in die pers vir publieke insette en/of moontlike besware en dat die Uitvoerende Burgermeester (in konsultasie met sy komitee) magtiging sal hê om met enige moontlike besware te handel;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop met verwysing na paragraaf 12.1.1 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
 - (i) Die eiendom as 'nie-bestaانبare bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie as 'n afsonderlike entiteit sinvol ontwikkel kan word binne die ontwikkelingsparameters van die huidige sonering nie, en dus slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik daarvan tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
 - (ii) Oordrag van die eiendom aan 'n individu of entiteit die Munisipaliteit van sy konstruksie- en onderhoudslas vrystel, asook die risiko beperk van potensiële grondbesetting of wanaanwending (bv. onwettige storting).

8.5 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ONGEREGISTREERDE ERF 1428 (GEDEELTE VAN ERF 14) EN GEDEELTES VAN ERF 13, RIEBEEK KASTEEL AANGRENSENDE GRONDEIENAARS (12/2/5/2-11/4)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar van Erf 15, Riebeek Kasteel (bekend as Kloovenburg Plaas) vir die aankoop van ongeregistreerde Erf 1428, 'n gedeelte van Erf 14, ±6,5 ha vir konsolidasie ten einde die landbou potensiaal van die grond uit te brei.

Omdat Erf 1428 ook aan Remhoogte Plaas grens, is daar samesprekings met mnr Vlok gevoer. Mnr Vlok het aangedui dat hy nie belangstel om die gedeelte aangrensend tot sy eiendom te bekom nie, maar wel 'n gedeelte van Erf 13 – groot, ±6.88 ha vir konsolidasie met Erf 2248. Daar is ook 'n gedeelte van Erf 13 wat grens aan Erf 15 en het mnr Du Toit aangedui dat hy belangstel om hierdie gedeelte – groot, ±4,02 ha te bekom.

Die Munisipale Bestuurder bevestig, op navraag van rdl A M Booyen, dat die verlaagde markwaarde ten opsigte van die gedeeltes wat aan mnr Du Toit beskikbaar gestel word, daaraan toegeskryf word dat dit hoofsaaklik berggrond is en met Bloekombome (indringingbome) bedek is. Die Munisipale Bestuurder noem verder dat 'n belangrike oorweging vir vervreemding is dat die Bloekombome 'n groot brand gevaar skep en waardevolle landbougrond bedreig wat 'n risiko vir die Munisipaliteit inhou.

BESLUIT

(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) besluit die Raad:
 - (i) Dat die onderwerp eiendomme nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bates en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is;
- (b) Dat ingevolge die toepaslike verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur goedkeuring deur die Raad verleen word vir die uit-die-hand vervreemding van die volgende onderwerp eiendomme:
 - 'n Gedeelte van Erf 13, ± 6.88 hektaar groot, aan Mnr Driaan Vlok, vir konsolidasie met Erf 2248 Riebeek Kasteel, ten bedrae van R550 400.00, BTW uitgesluit; en
 - 'n Gedeelte van Erf 13, ± 4,02 hektaar groot, tesame met Ongeregistreerde Erf 1428 (gedeelte Erf 14), ± 6,55 hektaar groot, aan Mnr Pieter du Toit, vir konsolidasie met Erf 15, Riebeek Kasteel, ten bedrae van R422 800.00, BTW uitgesluit.
- (c) Dat die eiendomme vervreem word onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die proses vir die verkryging van die toepaslike grondgebruiks-/ontwikkelingsregte (insluitend onderverdeling en konsolidasie) deur en op koste van die koper onderneem sal word;
 - (ii) Dat die koper, benewens die koopprys, verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat verband hou met hierdie transaksie, insluitend advertensie- en oordragkoste;
 - (iii) Dat die voorgestelde transaksie geadverteer word in die pers vir publieke insette en/of moontlike besware en dat die Uitvoerende Burgermeester (in konsultasie met sy komitee) magtiging sal hê om met enige moontlike besware te handel;
- (d) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemdings soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop met verwysing na paragraaf 12.1.1 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
 - (i) Die eiendomme as 'nie-bestaanbare bates' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie as afsonderlike entiteite sinvol ontwikkel kan word binne die ontwikkelings-parameters van die huidige landbousonering nie, en dus slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik daarvan tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
 - (ii) Oordrag van die eiendom aan 'n individu of entiteit die Munisipaliteit van sy onderhoudslas vrystel, asook die risiko beperk van potensiele grondbesetting of wanaanwending (bv. onwettige storting);
 - (iii) Die verkoop van die grond aan die aangrensende eienaars bied 'n strategiese geleentheid om 'n onproduktiewe, brandsensitiewe gebied in 'n florerende landboubate te omskep, en deur die verwydering van bloekombome en die vestiging van landbouaktiwiteite op die betrokke grond, sal veiligheid verbeter word, watergebruik geoptimaliseer word, gewasbeskerming verbeter word en 'n bydrae tot die plaaslike ekonomie gelewer word.

8.6 JAARLIKSE VERSLAGDOENING INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

8.6/...

Die Munisipale Bestuurder, met verwysing na rdl P E Soldaka se navraag aangaande die loontariewe vir die behuisingsprojekte, noem dat daar verskillende reëls toegepas word vir 'n boukontrak en dat ASLA verantwoordelik gehou sal word vir die kwaliteit van werk wanneer daar van sub-kontrakteurs gebruik gemaak word.

Die Speaker doen 'n beroep op raadslede om nie direk met die kontrakteur te skakel wanneer daar probleme by die behuisingsprojekte waargeneem word nie, maar met die betrokke direkteur.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog deur Artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B), en die Afwykingsverslag (Bylae C & C.1);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2025 tot 30 Junie 2025 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningsketteringbestuursbeleid (Bylae D). Kennis moet geneem word dat betalings vir die 2024/2025 finansiële jaar nog gefinaliseer moet word. Om aan wetgewing in terme van kwartaal 4 te voldoen, sal enige verskille in die volgende kwartaalverslag uitgelig word, onderhewig aan syfers/transaksies wat 'n impak op die volledigheid van die finansiële state sal hê.

8.7 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2025 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Die Artikel 52 MFMA-kwartaalverslag bevat ook nie-finansiële inligting in die vorm van die prestasie gemeet teen die teikens in die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, op navraag van rdl A M Booysen aangaande die nie-bereiking van sekere teikens, meld dat die afsluiting van die finansiële jaar nog nie gefinaliseer is nie en kan rekenkundige transaksies 'n invloed hê op finale syfers. Dit is verder belangrik om die nie-finansiële inligting in ag te neem om die redes vir die nie-bereiking van teikens te verstaan.

Voormelde verslag is oorweeg deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) op 22 April 2025 vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdd M Nel)

- (a) Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 29 Julie 2025 by die MPAC ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2025 tot 30 Junie 2025;
- (b) Dat, met in ag neming van die grootste kapitaalbegroting nog van Swartland Munisipaliteit van bykans R326 miljoen, daar met dank en waardering kennis geneem word van die bereiking van die teiken van 90% ten opsigte van die kapitaalspandering;

8.7/...

- (c) Dat voormelde bereiking, gegewe die negatiewe impak wat die Riverlands-ramp maand-na-maand op verskeie departemente gehad het, die nodige erkenning verdien.

GETEKEN:
SPEAKER